*Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig*

**Sondag, 6 September 2026**
**Biddag vir die Skepping, landbou en boerderygemeenskap**

## Hou net vas aan wat jy het – Christus dra die sleutel.

*"Dit sê die Heilige, die Ware, wat die sleutel van Dawid hou, wat oopmaak, en niemand sal dit toesluit nie, wat toesluit, en niemand sal dit oopmaak nie. 'Ek ken jou dade. Kyk, Ek het voor jou 'n oop deur gegee, wat niemand kan sluit nie. Al is jou krag min, het jy vasgehou aan my woord, en het jy my Naam nie verloën nie.'"*
(Openbaring 3:7-8)

Die gemeente in Filadelfia was klein en het min kragte gehad. Tóg begin Jesus nie deur hulle swakheid te beklemtoon nie. Hy stel Homself aan hulle voor as *"die Heilige, die Waaragtige, die Een wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand kan dit toesluit nie, en wat sluit en niemand sal dit kan oopmaak nie"* (vs. 7). Dit is die eerste waarheid wat hierdie gemeente moet hoor: hulle toekoms is nie in hulle eie hande nie, maar in die hande van Christus.

Jesus sê: *"Ek ken jou werke"* (vs. 8). Hy sien wat ander miskien nie sien nie. Hy weet dat hulle min krag het, maar tog het hulle sy woord bewaar en sy Naam nie verloën nie. Hulle was getrou. Al was hul swak en klein het hulle aan Christus bly vashou. En daarom sê Jesus: *"Kyk, Ek het 'n deur voor jou oopgesluit wat niemand kan sluit nie"* (vs. 8). Terwyl mense deure vir hierdie gelowiges toegemaak het, maak Christus vir hulle 'n deur oop wat geen mens kan sluit nie. Hulle plek in God se koninkryk word nie bepaal deur die samelewing se erkenning, hulle grootte of hulle invloed nie. Dit word bepaal deur die Een wat die sleutel vashou.

Jesus roep hulle nie op om iets anders of groter te word nie. Hy sê eenvoudig: *"Hou vas aan wat jy het, sodat niemand jou kroon wegneem nie"* (vs. 11). Hulle moet vashou aan die geloof, aan sy woord. Dit is die wonderlike belofte van hierdie gedeelte: hulle wat hier klein en kwesbaar lyk, sal uiteindelik vasstaan in God se teenwoordigheid. Jesus sê: *"Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak"* (vs. 12). Hulle hoef dus nie bang te wees dat hulle sal verdwyn of vergeet word nie. Christus ken hulle, Christus hou hulle vas, en Christus bepaal hulle toekoms.

**Ds. Janke Hurter**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur ds. Janke Hurter en ons orrelis, dr. Johan Cromhout in die kerk; en in die saal deur ds. Johan Marais en dr. Matildie Wium. Indien u 'n Liedboek of Bybel benodig, daar is by die ingangsdeure beskikbaar – neem gerus een en deel in ons liturgie.
Hartlik welkom ook aan diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.

## Liturgie: Sondag, 6 September 2026

**Kloklui**

**Verwelkoming**

**Aansteek van 6e wydingskers: Filadelfia…**

**Wydingslied:** “Heilig, heilig, heilig” – Lied 169:1, 2 en 3

**Votum en seëngroet**

**Loflied:** “Loof die Here uit die hemel” – Lied 199:1, 2 en 3

**Oproep tot skuldbelydenis**

**Oomblik van stilte vir gebed en verootmoediging…**

**Vryspraak**

**Danklied:** “Ek wat vergifnis, Heer, ontvang het” – Lied 245:1 en 3

**Epiklesegebed**

**Gebedslied:** “Woord van God, Woord van die lewe” – Lied 255:1

**Skriflesing:** Openbaring 3:7-13

**Gebedslied:** “Oor die troebel van die hede open dit ‘n toekomsvlug” – Lied 255:2

**Woordverkondiging**

**Offergawes**

**Afkondigings**

**Slotlied:** “Dié wat die Here wil dien” – Lied 601:1, 3 en 5

**Seënbede & Amen.**

### Ander Eredienste:

| | |
|---|---|
| Sondag, 6 Sept. | 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).<br>18:00 – Ds. Jan Lubbe: *Diens van stilte, Woord en gebed* (Taizé). |
| Sondag, 13 Sept. | 09:30 – Ds. Johan Marais; gesinsdiens in saal – prof. Jan-A v/d Berg.<br>15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).<br>18:00 – Dr. MP de Jager, bekende chirurg in ons stad kom deel sy Christelike getuienis met ons (Preek van die Leek). |
| Sondag, 20 Sept | 09:30 – Ds. Jan Lubbe (Gesamentlik): Feesdiens, Doop & Lentelofprysing; 15:00 Sothodiens; **18:00 Orrelkonsert**. |

Ons nooi nou reeds almal uit na die Orrelkonsert op Sondagaand, 20/9 om 18:00 – Ons eie dr Johan Cromhout gaan werke van Mendelssohn, Buxehude, Dubois en Boëllmann uitvoer (‘n sagtekollekte ten bate van ons Orrelfonds).

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

06 Sept. Angelique du Preez en Landi Jordaan.
07 Sept. Jaco de Jonge, Claudia Janse van Rensburg, Martie Nel en Elmien Wium.
08 Sept. Jan-Daniël Adendorff, Lindi Grobler, Hanneke Lubbe, Christiaan Meyer, Justus Rabie en Sunel Swart.
09 Sept. Marnu Potgieter, Janco Pretorius en Levi von Wielligh.
10 Sept. Gerhard Adendorff, Jaco Buys, Johan du Raan, Meliza Grimbeek, Benita Hancke en Lize Loots.
11 Sept. Emma Relling.
12 Sept. Jaco Engelbrecht en Teresa Zietsman.

Ons hartlikste gelukwense ook aan van ons Graad 11-kinders wat was leiers in hul onderskeie skole se leerderrade aangewys is; ons het nog nie van al die skole gehoor nie – sodra ons al die name het, sal ons weer geluksê. Intussen, sterkte aan almal met eksamens!

Ons gebede is verder vir almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Lienkie Marais (LadySmithstr. 16, wyk 5); Ansie Barnard (Genl. Cronjéstr. 38, wyk 9a); Jan Davel (Santé 68, wyk 18b); Leonie Mentz (Santé 4, wyk 18a); Erna Strydom (Woodlands Hights 2, wyk 12b) en Nadiha Visser (Genl. Van Schoorstr. 31, wyk 3a). Ons dink ook aan elkeen wat 'n siek of verswakte familielid moet ondersteun, en bid hul die nabyheid van die Here toe.

Vir Pastorale Sorg:

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe. Kontak ds Johan Marais (084 517 8052) wat ons pastorale werk koördineer, of maak 'n afspraak met een van ons leraars vir 'n tuisbesoek of 'n gesprek hier by die kerk.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) o.l.v. ds. Jan Lubbe in die Konsistorie: *"Brief van Jakobus"* (laaste verse; ons sluit kwartaal saam af).

Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep (19:00) vir jongmense 19:30 o.l.v. ds. Janke Hurter: *"Die ewige Koninkryk. Vind troos en hoop in Daniël."* Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 078 894 9166.

Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) – in Konsistorie o.l.v. ds Johan Marais: *"'n Padkaart vir die lewe."* Indien jy wil inskakel, whatsApp jou naam na 084 517 8052.

## KERKRAADSAKE

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**

Baie dankie aan Wyke 18, 19 en 20 wat in Augustus vir ons gasvryheid Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter gesorg het; in September is **Wyk 1** (suidelike grens, bo teen Grant's Hill) en **vrywilligers** aan diens. Indien jy ook hiermee wil help kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

## BEDIENINGE

**GEMEENTEBEDIENING**

**Seniorbediening:** Alle lidmate 65+ word uitgenooi na ons Lentekuier hierdie Woensdag, 9 September om 09:30 – *Kwarteeu oor Berg-en-Dal. 'n Halfeeu voor God se Aangesig. En nou: Die afgelope twee dekades in woord, beeld en klank!* Kom dink saam terug en vier dankbaar...

**GETUIENISBEDIENING**

**ENGO** het 'n groot behoefte aan pleegouers en 'n "huis van veiligheid" vir kinders; ook vrywilligers om te help steun bied in hul gesinsorg, én professionele dienste soos van dokters, sielkundiges, terapeute – kontak die kerkkantoor as jy dalk beskikbaar is...

**FEESPROGRAM 2026**

Berg-en-Dal gedenk in September 2026 dankbaar ons sewentigste bestaansjaar (1956). Ons nooi almal nou reeds uit na die volgende feesgeleenthede:

- Vrydag, 18/9 — Kermis vanaf 12:00; Kinderpartytjie 16:00; Padwedloop 18:00…
- Sondagoggend, 20/9 — Feesdiens, Doop en Lentelofprysing (09:30)
- Sondagaand, 20/9 — Orrelkonsert deur dr Johan Cromhout (18:00)
- Dinsdag, 22/9 — Oggendwyding en danksegging (07:00)

Ons nooi alle lidmate om op of rondom **22 September 70 minute** van dankbaarheid iewers in die gemeenskap of by die gemeente, as 'n vrywilliger van jou tyd, aandag, gawe en energie te kom/gaan gee – hier is solank 'n paar voorstelle: besoek iemand wat eensaam is, of oudgeword het (soos by Siësta, Serenicare, Noorderbloem of Santé); reik uit na personeel wat siekes versorg (kontak Hospice of Siësta); reik uit na kinders by Gladstoneweg Jeugsorgsentrum; neem vir petroljoggies by Preller Motors 'n sappie; doen iets spesiaal vir 'n huishulp of tuinwerker; besoek Sunflower Hospice of Jean Webber Tehuis vir gestremde persone; besoek die DBV of "New Beginnings"; kom help met 'n gemeenteprojek of in die tuin by die kerk; knap ons verkeerseiland voor die kerk of 'n ander publieke ruimte rondom Prellerplein op…

**18 September: Berg-en-Daller 2026 Pentagon Pistols Padwedloop**
Aanlyn inskrywings is nou oop! https://www.entryninja.com/events/84353-berg-en-daller – sien advertensie vir meer inligting... En begin oefen – uit met daardie tekkies!

**DIE KERMISKOMITEE VERGADER HIERDIE DONDERDAG, 10 SEPTEMBER OM 18:00.**

**EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE**

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/ projek vir daardie betrokke Sondag – vanoggend, 6 September: **NG Gemeente Soutpan**. U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005).**